

# Leer meer ortodonsie-opsies

'n Mooi glimlag het die manier om jou selfbeeld 'n hupstoot te gee, dus raak ortodonsie al hoe meer gewild. **Tasneem van Rooyen** het met kenners gaan gesels oor wat dié proses behels.

**O**rtodonsie word deur wyle prof. Johan Muelenaere beskryf as die groei en ontwikkeling van die kraniofasiale kompleks en van die okklusie van tande. Dit is dus die diagnose, voorkoming en behandeling van abnormaliteite in die tandstruktuur.

“Hierdie abnormaliteite kom voor in die tandboog (die grootte, getal tande en posisie van die tande in dieselfde boog en in verhouding tot die beskikbare spasie), die verhouding van die boonste boog tot die onderste boog, die verhouding van albei boë tot die skedel en kombinasies hiervan,” sê dr. Marius Coetsee, ortodontis van Tableview. 'n Ortodontis is 'n tandarts wat 'n verdere vier jaar spandeer het om sy meestersgraad te behaal – dus spesialiseer hy/sy in ortodonsie.

So, waar begin jy? Daar is verskeie behandelings beskikbaar na gelang van jou tand-onreëlmatighede. Jy sal eers deur die ortodontis geëvalueer word voordat die proses begin. “Tydens 'n konsultasie met nuwe pasiënte word 'n kliniese geskiedenis van die pasiënt oorweeg en 'n ondersoek gedoen om te bepaal of enige behandeling nodig is,” sê dr. Marius.

## Ortodonsie vir kinders

Dié tandheelkundige proses vir kinders is in die algemeen makliker as vir volwassenes. “Ortodonsie by kinders is makliker omdat hulle nog groei, dus is dit makliker om die groeiproses te manipuleer,” sê dr. Marius.



As jy op soek is na die perfekte glimlag, kan 'n ortodontis jou hiermee help.

Foto: ISTOCK

Volgens dr. Petra van der Merwe, ortodontis van Claremont, is ortodonsie 'n belangrike onderwerp wat behels dat jy die groei van die kakebene wat die tande dra asook die res van die gesig se bene ortopedies manipuleer.

“Ek beskryf dit aan ouers as ‘soft surgery’. As dit nie gedoen word nie, mag die kind eindag as volwassene ‘hard surgery’ benodig (’n operasie om kaakverhoudings reg te stel). Met die korrekte behandeling word daar saam met of dikwels teen die normale groei van die gesig gewerk,” sê dr. Petra.

Daar is verskeie behandelings vir kinders beskikbaar afhangend van die soort probleem wat die kind ondervind. “Die besluit van wat gedoen moet word, word bepaal deur die groei van die

kind. Ouers moet beseft dat ons deesdae baie meer holisties na pasiënte kyk. Spierpatrone, gewoontes, patente lugweë, vorm en funksie van die sagte verhemelte, asemhaling, allergieë en slaapapnee is alles wat in ag geneem moet word met die evaluering van 'n groeiende ortodontiesepasiënt,” voeg sy by.

Ortodonsie beteken dus nie noodwendig altyd draad of plaatjies nie.

Voorkomende behandeling, moontlike kort periodes van draadjes en sagte chirurgie kan die uiteindelijke behandeling met draadjes aansienlik verkort tot die ouderdom van 12 of 13 jaar of selfs uitskakel. Aspekte wat die sukses van ortodonsie baie beïnvloed, is die motivering en samewerking van die pasiënt.

## Ortodonsie vir volwassenes

Behandelingsopsies vir volwassenes is netso breed soos wat dit vir kinders is. “Hoewel groei nie meer ter sprake is nie, moet volwassenes multidissiplinêr benader word aangesien daar dikwels meer probleme ter sprake is.

“By volwassenes sit ons met langtermyn-komplikasies waar daar 'n wanbalans in die sluiting van die tande voorkom,” sê dr. Petra.

Volgens dr. Petra veroorsaak die kragte wat abnormaal versprei is deur die skewe tande, nie net tande wat wegslyp nie, maar dikwels ook tandvleisprobleme, kaakgewrigsprobleme, asook hoofpyne.

Indien die probleem nie in geheel hanteer word nie, gaan dit nie baie lank wees nie voor die

tande weer skuif, met ander probleme wat ook kan begin kop uitsteek.

## Soort ortodonsie

Behandeling kan plaatjies of draadjes insluit, met draadjes wat as vaste toestelle en plaatjies wat as verplaasbaretoestelle beskryf word. “Die verskil is dat die beweging wat deur draadjes teweeggebring word, driedimensionele beheer oor die tande gee. Plaatjies druk meestal net op 'n enkele punt van die tand en die tande kantel, sê dr. Petra.

“Elke operateur gebruik die behandeling waarmee hy gemaklik is. Ons het 'n uitdrukking wat sê: ‘Dit werk in my hande’. Die belangrike punt is dat die eindresultaat van enige behandeling balans moet skep tussen die gewrig van die kaak, die kakebene, die tande en die spiere. Eers dan kan jy hoop op 'n stabiele resultaat met langtermyn-tandgesondheid.”

## Die nuutste in ortodonsie

“Ortodonsie vandag steun hoofsaaklik op digitalisering. Met behulp van die nuutste tegnologie is ons in staat om elke pasiënt driedimensioneel te evalueer en behandelingsbeplannings te doen.

“Die akkuraatheid wat daarmee verkry word, is indrukwekkend en die impak daarvan op die behandeling van die pasiënt groot. Dit verkort die behandelingstydperk en gee meer akkuraatheid asook 'n verbeterde, verfynde eindproduk,” sê dr. Petra.